**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr.: 592/2007

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**RANTSHO ABRAHAM MPHATSWANYANE** 1ste Beskuldigde

**TEBOHO TLADI** 2de Beskuldigde

---

**CORAM:** BECKLEY, R *et* VAN ZYL, R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 13 SEPTEMBER 2007

---

[1] Die beskuldigdes het in die Landdroshof te Botshabelo tereggestaan op 'n aanklag van veediefstal, synde dat hulle op of omtrent 22/23 Februarie 2007 te Botshabelo vier skape ter waarde van R3000,00 gesteel het. Beide beskuldigdes het skuldig gepleit en is na ondervraging ingevolge Artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, skuldig bevind soos aangekla, na my mening heeltemal tereg.

Beide beskuldigdes is op 3 Mei 2007 gevonnis tot 30 maande gevangenisstraf.

[2] Die aangeleentheid het op outomatiese hersiening voor Wright R gedien waartydens hy redes vir vonnis verlang het. Volledige sodanige redes is deur die verhoorlanddros verskaf en is die aangeleentheid daarop in die gewone gang van sake aan my voorgelê.

[3] Soos ook blyk uit die redes deur die verhoorlanddros verskaf, is die persoonlike omstandighede van die beskuldigdes die volgende. Beskuldigde 1 is 20 jaar oud, ongetroud en hy het geen kinders nie. Beide sy ouers is oorlede en is hy by sy ouma woonagtig. Hy het Standerd 2 op skool geslaag, is werkloos en word deur sy ouma onderhou. Hy het geen vorige veroordelings nie en is sedert 24 Februarie 2007 in hegtenis.

Beskuldigde 2 is 29 jaar oud, ongetroud en het een kind van 7 jaar oud. Sy moeder leef nog en het hy Standerd 3 op skool geslaag. Hy werk deur appels te verkoop en verdien R70,00 per maand daarmee. Hy is by sy moeder woonagtig, laasgenoemde wie werkloos is. Hy was sedert 4 Maart 2007 in hegtenis.

[4] Tesame met bogemelde persoonlike omstandighede van die beskuldigdes, moet ten gunste van beide beskuldigdes in ag geneem word dat hulle skuldig gepleit het. Al vier die skape is ook teruggevind en die klaer het dus nie enige skade gely nie, hoewel laasgenoemde nie te danke was aan enige

optrede aan die kant van die beskuldigdes nie. Beide beskuldiugdes is ook eerste oortreders.

[5] Soos egter tereg deur die verhoorlanddros vermeld, is die misdryf ernstig van aard, soveel so dat daar klaarblyklik in Botshabelo 'n spesiale taakspan aangestel is om veediefstalle te ondersoek. Dit het inderdaad tot gevolg dat die gemeenskapsbelang ook sterk na vore tree.

[6] Ten einde te oorweeg welke vonnis 'n gepaste vonnis is, moet voormelde elemente van strafoplegging ewewigtig teen mekaar opgeweeg word. Wanneer dit gedoen word, is ek dit eens met die verhoorlanddros dat direkte gevangenisstraf die enigste gepaste vonnis is. Na my mening is die opgelegde vonnis van 30 maande gevangenisstraf egter skokkend swaar en onvanpas gegewe die feite en omstandighede van hierdie saak en noodsaak dit dus inmenging op hersiening.

[7] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Die skuldigbevinding van beide beskuldigdes word bekragtig.
2. Die opgelegde vonnis van beide beskuldigdes word tersyde gestel en beide beskuldigdes word gevonnis tot twaalf (12) maande gevangenisstraf, welke gevangenisstraf geag moet word opgelê te gewees het op 3 Mei 2007.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**A.P BECKLEY, R**

/em